Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
DESEMBER 2014
Bulletin
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Voorspoedige Nuwe Jaar!!!

BURGEMEESTER SE FEESBOODSKAP

Kersfees is om die draai en almal is besig om voor te berei vir die fees seisoen. Dit is nie net'n tyd van feestelikheid nie, maar ook die geleentheid waar ons welwillendheid teenoor mekaar toon. Dit is die seisoen om gehalte-tyd saam met ons geliefdes deur te bring, en ook om die boodskap van die Messias wat lig na 'n wêreld gehul in donkerte gebring het uit te dra. Om hierdie lig te versprei, kos niks en maak nie moeg nie.

Gebruik hierdie feesseisoen om te help om die wêreld van misdadigheid, vrees, ongeregtigheid en selfsugtige trots te bevry. Kom ons wees betroubaar en verantwoordelik in alles wat ons doen, toon respek en tree regverdig op in handelinge teenoor mekaar. So kan almal saamwerk om 'n gemeenskap te skep wat werklik omgee en waarin goeie burgerskap 'n natuurlike verskynsel is en nie 'n las nie.

Ons wens graag al ons inwoners en besoekers 'n wonderlike vakansie toe en wees paraat!

Mag ons almal 'n vreugdevolle en geseënde Kerstyd geniet en mag 2015 gevul wees met vrede en voorspoed.

Nicolette Botha-Guthrie
UITVOERENDE BURGEMEESTER

MOEILIKE KOMPROMIEË DIE VOORLAND IN VOLGENDE BEGROTINGSIKLUS

In haar rigtinggewende GOP-hersiening/begrotingstoespraak wat op 29 Oktober 2014 gelewer is, het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie gewaarsku dat die munisipaliteit voor 'n paar moeilike besluite te staan gaan kom indien hy die 2015/16-begroting wil laat klop met die "ontsaglike behoeftes" van sy gemeenskappe en die hulpbronne tot sy beskikking om aan daardie behoeftes te voldoen.

In voorbereiding van die begroting, het sy gesê, sal Overstrand veral bedag moet wees op die bevindinge van INCA se verslag oor die munisipaliteit se langtermyn- finansiële volhoubaarheid en hierdie raadgewende maatskappy se aanbeveling om kapitaalbesteding vir die volgende drie jaar te besnoei.

Voorts moet daar ag geslaan word op die onsettende implikasies wat Eskom se voorgenome tariefverhoging van 12,6% vir die munisipaliteit se inkomste inhou, gegewe dat die meeste van Overstrand se inwoners reeds onder geweldige ekonomiese druk verkeer en beswaarlik 'n styging in tariewe kan bekostig.

"Om uiteenlopende behoeftes te behaag, gaan wysheid aan die kant van die begroting se reëlingskomitee verg," het sy gesê en 'n beroep op alle belanghebbers gedoen om aktief deel te neem aan en betrokke te raak by die meganismes wat vir die hersiening van die 2015/16-GOP en -begroting daargestel is.

Oor een ding was die Burgemeester egter adamant: Overstrand gaan onverskrokke sy visie nastreef om 'n sentrum van uitnemendheid te wees vir almal in wie se diens hy staan en om lewenskragtige gemeenskappe in 'n polities stabiele omgewing te skep.

PUIK OPENBARE GERIEWE GEREED OM VAKANSIEGANGERS TE VERWELKOM

Roderick Williams, direkteur: gemeenskapsdienste, het die versekering gegee dat Overstrand se beproefde operasionele plan weereens sal verseker dat beide inwoners en vakansiegangers hierdie feesseisoen na die gebruik van veilige, skoon en goed instandgehoue openbare geriewe kan uitsien.

Tydelike en seisoenswerkers is aangestel om te help om die strande, ablusiefasiliteite, piekniekplekke, karavaanparke, sleephellings en parkeerareas silwerskoon te hou, terwyl kontrakteurs aangewys is om, ondermeer, kiosks te bedryf en strandstoele uit te huur.

Grotto se Blouvlag-status sal op 1 Desember in werking tree en van krag bly tot 31 Maart 2015. In die geval van Hawston en Kleinmond, word dié status op 15 Desember van krag en geld tot 15 Januarie 2015.

Lewensredding- en sekuriteitsdienste sal vir die duur van die vakansieseisoen op die bogenoemde strande sowel as by die twee munisipale swembaddens, naamlik die een in Hawston (neffens die kampeerterrein) en die munisipale swembad in Zwelihle, operasioneel wees.

Neville Michaels, direkteur: beskermingsdienste, het bygevoeg dat munisipale wetstoepassings- en verkeersbeamptes vir die duur van die vakansieseisoen uiteraard meer sigbaar en ekstra waaksaam sal wees, onderwyl Overstrand se 24-uur-beheerkamer - bereikbaar by 028 313 8000/8111 - na behore gerat is om enige noodsituasie, dag of nag, te hanteer.

KANTOORSLUITING OOR FEESTYD

Munisipale kantore, met inbegrip van biblioteke, sal om 13:00 op beide die 24ste en 31ste Desember sluit en sal weer om 07:45 op onderskeidelik Maandag 29 Desember 2014 en 5 Januarie 2015 heropen.

Die lewering van noodsaaklike dienste word nie hierdeur geraak nie.

WERK SAAM VIR BETER RIOOLVERWYDERINGSDIENS

Verskeie areas in Overstrand is nog nie aan 'n rioolnetwerk gekoppel nie, met die gevolg dat baie inwoners van ons tenkerdiens afhanklik is om riool vanaf hulle persele te verwyder. Hierdie dienste word veral gedurende vakansietye onder geweldige druk geplaas, bloot omdat mense té lank wag om die diens aan te vra.

Deur bloot hierdie eenvoudige wenke te volg, kan jy Overstrand help om sy tenkerdienste te verbeter en jouself tegelyk geweldige ongerief en selfs verleentheid bespaar:

- Probeer om 'n tenkerdiens minstens twee dae voor die tyd aan te vra: Sodoende kan toesighouers die dienste doeltreffend skeduleer en tegelyk aan tyd en brandstof bespaar.
- Moniteer die vlak van jou riooltekken noukeurig: Deur 'n eenvoudige toestel soos 'n stok waaraan 'n flotter ("ball valve") geheg is in die tenk te plaas of deur van 'n ultrasoniese sensor gebruik te maak, kan jy seker wees dat jy die diens betyds gaan bestel.
- Maak seker dat tenkerspanne ten alle tye toegang tot die rioolsuigpunt kan verkry: Onthou, riooluitsuigpunte behoort op die erf se grens naaste aan die straat aangebring te word.
- Bespreek enige potensiële probleme met die operateur wanneer die diens aangevra word: Hou in gedagte dat indien 'n riooltenk om watter rede ook al nie leeggepomp kon word nadat 'n diens versoek is nie, uitroepgelde gehef sal word om die koste te verhaal.

Weens die aard van die diens is dit nie moontlik om 'n diens op 'n spesifieke tydstip te lewer nie, en agterstande kan gedurende langnaweke of tydens skoolvakansies ervaar word.

Die spanne wat die tenkwaens bedien, begin egter reeds vroegoggend en werk tot laat saans in 'n poging om elke dag se versoeke af te handel. Let egter daarop dat 'n tenker onder normale omstandighede nie voor 06:00 of na 22:00 uitgestuur sal word nie.

SEKER ONS KAN JOU IN 'N NOODGEVAL VIND?

Tensy jy jou huis of eiendom se nommer sigbaar vertoon, sal dit nodeloos wees om 'n ambulans, die brandweer of die polisie in 'n noodgeval te ontbied. Om die waarheid te sê, dit kan noodlottige gevolge hê.

Kortom, as ons jou nie kan opspoor nie, kan ons nie hulp verleen nie, en sal waardevolle tyd wat gebruik kon word om 'n lewe of jou eiendom te red, verlore gaan bloot omdat ons op en af in die straat moes jaag in 'n poging om jou te probeer vind. Hierdie is 'n ernstige saak, mense, en kragtens die tersaaklike munisipale verordening kan jy aanspreeklik gehou word vir enige skade wat spruit uit jou nalating om 'n perseel se toegewese nommer na behore te vertoon.

Alle persele - hetsy residensieel of kommersieel - moet ten alle tye 'n nommer vertoon wat duidelik sigbaar is en op 'n hoogte van 1,5 m bo die middellyn van die aangrensende straat of pad leesbaar is.

Dit is dus raadsaam om te gaan kyk of jou straatnommer nie dalk teen hierdie tyd onleesbaar, uitgewis of op een of ander manier ontsier is nie. Neem ook kennis dat 'n straatnommerprojek gedurende Februarie 2015 in Zwelihle ontplooi sal word.

As jy twyfel oor jou presiese straatadres, gaan jou munisipale rekening na: Die naam van die straat en die nommer van jou eiendom behoort onmiddellik na die rekeninghouer se naam te verskyn. As hierdie besonderhede nie met jou fisiese adres ooreenstem nie, kontak asseblief die hulpkantoor by die munisipale kantore in jou area.

In hierdie verband, let daarop dat in die geval van hoekeiendomme, die hooftoegang tot die eiendom in die reël as die toegangsadres beskou word.

Sou jy verdere hulp met die uitklaring van jou straatadres verlang, is jy welkom om ons te kontak- telefoonnommers is op bladsy 3 beskikbaar of 'n e-pos te rig aan **enquiries@overstrand.gov.za**. Ons help graag!

ELUXOLWENI-BEHUISINGS PROJEK 'N WARE WENNER

Die Pearly Beach: Eluxolweni-laekoste-behuisingsprojek is deur die Suid-Afrikaanse Behuisingstigting as Beste Behuisingsprojek van die Jaar in die kategorie onder R125 000 per eenheid bekroon. Hierdie projek wat daarop afgestem was om bestaande informele nedersettings uit te wis deur werk te maak van die nypende behuisingsagterstand in die gebied het 183 gesubsidieerde behuisingsgeleenthede vir kwalifiseerders en 28 gedienste persele vir nie-kwalifiseerders opgelewer, almal op enkel-residensiële erwe.

Van meet af aan was die projek daarop uit om 'n geïntegreerde en volhoubare ontwikkeling met die volle samewerking van die begunstigdes te skep. 'n Maatskaplike Verdrag is aangegaan om die belange van die gemeenskap te verteenwoordig, onderwyl gemeenskapswerkers hulle puik van hul taak gekwyt het om hulp te verleen met 'n opname van informele nedersettings, waglyste te rekonsilieer, aansoeke te verwerk en geaffekteerde persone tydelik in aangewese areas te hervestig.

By wyse van subkontrakteurs is meer as 70% plaaslike arbeid deur die ontwikkeling benut, onderwyl kostebesparings dit selfs moontlik gemaak het om die paaie te teer - alles behoorlik binne die begroting. Met gebruikmaking van 'n zero-vermorsing-konstruksiemetode, sluit sommige van die tegnologieë wat benut is spesiaalontwerpte monolitiese dakkappe in asook 'n modulêre en uitbreibare huisontwerp, geïsoleerde plafonplanke, voorafvervaardigde loodgieterswerk en voorsiening vir sonverwarmde waterpype.

Oorhoofs beskou, maak die goeie vennootskap wat tussen die gemeenskap, die munisipaliteite en die implementeringagent aangegaan is van hierdie projek 'n wenner in meer as een opsig.

PAAIE IN KLEINMOND GENIET AANDAG

Met werk aan die opgradering van die watertoevoer in sekere dele van Kleinmond wat 'n einde nader, word daar nou ernstig aandag geskenk aan opruiming- en herstelwerk. Ongelukkig speel die weer nie altyd saam nie, maar die munisipaliteit het die versekering gegee dat dié saak dringende aandag geniet.

Inwoners is reeds kennis gegee dat die herseël en rehabilitasie van paaie in drie fases sal verloop en na verwagting teen Junie 2015 voltooi sal wees. In fase een word lap-, kraakseël- en ander voorbereidingswerk gedoen; fase twee behels die herseël van paaie, en in die laaste fase word padmerke aangebring. Tussendeur sal randstene, waar nodig, ook herstel word.

'n Beroep word op inwoners gedoen om geduld te beoefen en ag te slaan op verkeersreëlings tydens padsluitings. **Enige navrae in hierdie verband kan gerig word aan die Kleinmond-kantoor by 028 271 8431 of enquiries@overstrand.gov.za.**

Bespaar elektrisiteit, asseblief

Gegewe die landwye elektrisiteitskrisis, doen Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie 'n beroep op almal - besoekers én inwoners - om die komende feesseisoen elektrisiteit na die beste van hulle vermoë spaarsaam te gebruik.

Haar raad is om die gebruik van elektriese toerusting wat hope elektrisiteit verbruik, soos lugversorgers en waterverwarmingstoestelle, tot die minimum te beperk en effe meer bedag te wees op hoe ons met die sogenaamde "klein toestelle" omgaan: Om 'n skootrekenaar, slimfoon of iPod by die muursok ingeprop te hou selfs al is dit ten volle gelaai, eis sy tol. En dan behoort almal natuurlik die gewoonte aan te leer om die ligte af te skakel wanneer hulle 'n vertrek verlaat - en om saans voor ons bed toe gaan, te onthou om daardie feestelike Kersliggies af te skakel.

Overstrand sal sy bes doen om inwoners en besoekers op hoogte te hou van die elektrisiteitsituasie. "As jy dit nog nie gedoen het nie," raai Botha-Guthrie aan, kontak jou plaaslike finansieskantoor of hulpkantoor om te registreer. "Jou kontakbesonderhede sal vertroulik hanteer word en nie aan ander partye openbaar word nie en ons sal jou na die beste van ons vermoë ingelig hou oor enige verwagte noodsituasies of onderbrekings".

WERD OM TE WEET

- Gaan jou kontakbesonderhede na, anders…
  Die onus rus op jou om seker te maak dat die kontakbesonderhede op jou rekening korrek is. Onthou, rekeninge wat na die 20ste van die maand vereffen word, kan invorderingstappe tot gevolg hê tensy reëlings vooraf getref is.
- Munisipale rekeninge kan ook per e-pos en MMS versend word:
  Handig vir diegene sonder 'n posbus, maar boonop 'n ekovriendelike reëling wat almal behoort te oorweeg.
- Installeer die regte meter en bespaar:
  Om waterverliese te voorkom, skakel om na 'n vloeibeperkte watermeter. En onthou, voorafbetaalde elektrisiteit is heelwat goedkoper as 'n konvensionele meter.

Rig alle versoeke en/of navrae in bogenoemde verband aan jou naaste munisipale kantoor of rig 'n e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za, maar onthou om altyd jou rekeningnommer te vermeld.

STRANDPARKERING: GROTTO & KLEINMOND

Vanaf 11 Desember tot 19 Januarie sal die volgende gelde tussen 08:00 en 16:00 betaalbaar wees:

Aflaai per bus (meer as 14 sitplekke)	R120.00
Geparkeerde busse: Munisipale parkeerterrein per dag	R190.00
Voertuie per dag of gedeelte daarvan	R15.00

Seisoenkaartjies teen 'n koste van R132 per kaartjie en geldig vir die tydperk hierbo gestipuleer, is ook beskikbaar. Voorts is eienaars van eiendomme, by aanbieding van 'n munisipale rekening van nie ouer as drie maande nie, geregtig op twee inwonerpermitte (geldig vir 'n jaar) per erf teen 'n totale koste van R60. Hierdie kan vanaf 17 November by die volgende persone verkry word:

- Hermanus-administrasie: Heidi Dignas 028 313 8135
- Kleinmond-administrasie: Carla Swartz 028 271 8411

BELANGRIKE NOMMERS

Kantoorure-nommers:
Weeksdae: 07:45 - 16:30

Hermanus-skakelbord	028 313 8000
Gansbaai-skakelbord	028 384 8300
Kleinmond-skakelbord	028 271 8400
Stanford-skakelbord	028 341 8500

Na-ure-noodnommers:

24-uur-noodbeheerkamer	028 313 8111
Brandweerafdeling	028 312 2400
Verkeersafdeling	028 313 8111
Overstrand-wetstoepassing	028 313 8111
Ambulans	10177
NSRI	028 312 3180
Marine- en Kusbestuur	028 313 2703
Hermanus Provinsiale Hospitaal	028 313 5200
Hermanus-privaathospitaal	028 313 0168
Hermanus-kinderwelsyn	028 313 0831
Hermanus-dierewelsyn	028 312 1281
Hermanus-polisie	028 313 5300
Gansbaai-polisie	028 384 0201
Stanford-polisie	028 341 0601
Hermanus-brandweer	028 313 8980
Gansbaai- en Stanford-brandweer	028 384 8374
Kleinmond-brandweer	028 271 8449

OAK bied die volgende gedurende die feesseisoen aan:

Op Sondagmiddag **21 Desember 2014** gaan KERSKLANKE met PETRU WESSELS, CAREL TRICHARDT en KATRIEN HOLM (musiek) die vreugdes, blydskap, opwinding en die wonder van Kersfees - maar ook die hartseer, verlange en eensaamheid - met woord en klank belig.Op Sondagmiddag **4 Januarie 2015** keer die beroemde pianis uit Texas, GUSTAVO ROMERO, terug na Hermanus om Overstranders weer eens te bekoor met 'n uitmuntende uitvoering!

Beide konserte vind in die Burgersentrum se ouditorium plaas en begin stiptelike om 15:30. Skakel BELLINI by 028 312 4988 vir besprekings. Kaartjies kos R120 (R60 vir studente). Kontak René du Plooy by 082 940 4238 vir verdere inligting.

Registreer jou selfoonnommer nou om tydige inligting oor, byvoorbeeld, die volgende te ontvang:

- Noodgevalle, bv. veldbrande, vloede en verkeersprobleme
- Geskeduleerde onderbrekings wanneer die munisipaliteit se elektrisiteit- en waternetwerk instandhouding- of herstelwerk sal ondergaan, met ander woorde onderbrekings wat nie deur Eskom beheer word nie
- Diensonderbrekings weens stakings of openbare vakansiedae; en
- Inligting oor imbizo's, gemeenskapsvergaderings en ander munisipale geleenthede.

Nadat die koste-implikasies deeglik oorweeg is, kan die stelsel moontlik in 'n latere stadium uitgebrei word om ook die volgende in te sluit:

- Herinneringe om rekeninge te betaal of dat dienste binnekort beëindig gaan word
- Herinneringe om verkeersboetes te betaal voordat dagvaardings uitgereik word
- Herinneringe dat voertuiglisensies binnekort hernieu moet word
- Lisensie-aansoeke en goedkeurings
- Afhaling van dokumente wanneer hierdie deur die munisipaliteit verwerk is; en
- Herinneringe van belangrike afsprake met die munisipaliteit

Al wat jy hoef te doen, is om enige munisipale kantoor (nommer verskyn in die mashoof) te skakel of die kliëntediensbeampte by een van hierdie kantore te besoek om seker te maak dat jou inligting op die munisipaliteit se databasis ingesluit is. Jy kan hom/haar dan ook vra om jou naam op die databasis te sit. Jou kontakinligting sal as vertroulik hanteer word en nie aan ander partye openbaar gemaak word nie.

WORD DEEL VAN DIE HERWINNINGSROETINE!

foto-lyn: Hugh Tyrrell

Ons het dit maklik gemaak, sodat almal dit kan doen.

Ses uit tien huishoudings in die Overstrand-gebied herwin reeds. Doen dieselfde en help om werk te skep, die koste van stortingsterreine te verminder en ons kuslyn ongerep te hou.

Hoe om te herwin

U sakke vir herwinning is gratis!
Kry gratis sakke vir die herwinningsitems van u huishouding by die naaste munisipale kantoor.

Indien u woonagtig is in areas waar deur-tot-deur vullisverwydering gedoen word, sal u elke keer wanneer u 'n volsak herwinning uitsit 'n nuwe een gratis ontvang. Indien u sak per abuis nie vervang is nie, is u welkom om 'n herwinningsak by die naaste munisipale kantoor af te haal.

U hoef niks te sorteer nie
U hoef nie die verskillende items in verskillende sakke te sorteer nie - sit bloot papier, glas, blikkies en plastiekware in een deursigtige sak. Plaas alle oorskietkos en ander afval in swart vullissakke.

Waar om te herwin

Op die sypaadjie op vullisverwyderingsdag
As u 'n inwoner is, of besoeker, sit u sak met herwinningsitems saam met u vullis uit op die dag wanneer die vullis gewoonlik afgehaal word. As u met vakansie is en voor die vullisverwyderingsdag weer vertrek, laai asseblief onderweg u sakke af by een van die aflaaipunte wat duidelik aangedui word.

By die herwinningsaflaaipunte wanneer u vertrek
As u hier is met vakansie en voor die vullisverwyderingsdag weer vertrek, neem asseblief u sakke wanneer u vertrek en laai dit onderweg af by een van die vullisaflaaipunte wat duidelik aangedui word.

Algemene inligting: Polistireen is nie herwinbaar met ons stelsel nie.Vullis- en herwinningsakke moet voor 07:30 slegs op die oggend van die vullisverwyderingsdag buite gesit word, en nie die dag tevore nie. Een vullishouer of vier sakke huishoudelike vullis word vir elke huishouding toegelaat (dit mag slegs een sak tuinafval insluit). Houers word nie voorsien nie, behalwe in gebiede met bobbejane, waar bobbejaan-bestande houers vereis word. Tuinafval kan na die aflaaipunt geneem word en die storting van tot een ton afval is gratis/teen geen koste nie. Gevaarlike huishoudelike afval (verf, verdunningsmiddels, plaagdoders, ens) en e-afval kan na Stanford aflaaipunt, Gansbaai stortingsterrein, Hermanus en Kleinmond oorlaaistasies geneem word. Asbes (R56.20 per plaat) kan na Hermanus oorlaaistasie geneem word.

LW: Voëlklip, Fernkloof, Kwaaiwater, Hermanus Heights, Eastcliff oos van Fairways weg, Rooi Els, Pringlebaai, Bettysbaai en die ander gebiede wat hierbo genoem word, is Verklaarde Probleemgebiede ten opsigte van bobbejane. Bobbejaan-bestande houers is gevolglik 'n vereiste. U kan dit teen 'n koste by die Munisipaliteit kry.

Herwinning / Vullisverwydering Dag:

Administrasie	Area	Dag
Hangklip -Kleinmond	Kleinmond, Bettysbaai, Pringlebaai, Rooi Els,	Maandag
	Proteadorp, Uitbreiding 6, Overhills, Mountain View	Dinsdag
Hermanus	Vermont, Fisherhaven, Voëlklip	Maandag
	Onrus, Chanteclair, Berghof, Sandbaai, Hemel-en-Aarde	Dinsdag
	Zwelihle, Mt. Pleasant	Woensdag
	Westcliff, Northcliff, huise in die middedorp, Hermanus-nywerheidsgebied	Donderdag
	Hawston, Eastcliff, Hermanus Heights, Kwaaiwater	Vrydag
Stanford	Stanford	Donderdag
Gansbaai	Pearly Beach, Buffeljagsbaai, Eluxolweni	Maandag
	De Kelders, Masakhane, Beverly Hills	Dinsdag
	Franskraal	Woensdag
	Kleinbaai, Baardskeerdersbos	Donderdag
	Gansbaai, Masakhane, Beverly Hills, Blompark	Vrydag

Herwinning skep werksgeleenthede in ons gemeenskap, bespaar op die koste van opvulterreine en hou ons kuslyn ongerep. U bydrae is belangrik - elke bietjie help.

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Indien u enige navrae of voorstelle het, skakel: Gansbaai 028 384 8300; Stanford 028 341 8500; Hermanus 028 313 800 en Kleinmond 028 271 8400. Vir meer inligting besoek www.overstrand.gov.za